education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## NOVEMBER 2006

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n 19 bladsy-addendum.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2006. Die vrae is soos volg:

| | |
|---|---|
| VRAAG 1: | SLAWERNY |
| VRAAG 2: | DIIE SOEKE NA VRYHEID |
| VRAAG 3: | DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE |
| VRAAG 4: | TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA TUSSEN 1750 EN 1850 |

1.2 Elke vraag tel 50 punte en begin met 'n sleutelvraag.

1.3 Leerders moet DRIE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide brongebaseerde vrae wat 30 punte tel en 'n skriftelike stuk wat 20 punte tel.

1.4 Leerders se antwoorde moet die toepassing van kennis, vaardighede en insig insluit.

1.5 Leerders wat slegs die bronne oorskryf, sal benadeel word.

1.6 Skryf netjies en leesbaar.

**Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde word in hierdie vraestel geassesseer:**

| Leeruitkomste | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>Vaardigheid van die leerder om: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1** | • Relevante inligting en data uit die bronne te onttrek en dit logies te organiseer<br>• Inligtingsbronne te bestudeer om hul bruikbaarheid vir die taak te beoordeel |
| **Leeruitkoms 2** | • Historiese konsepte te verduidelik<br>• Die sosio-ekonomiese en politieke magsverhoudinge wat in samelewings werksaam is, te identifiseer<br>• Te verduidelik hoekom daar verskillende interpretasies van historiese gebeure, mense se optrede en verandering is |
| **Leeruitkoms 3** | • Statistiese inligting (data) in grafiese of geskrewe inligting te verstaan en om te skakel<br>• 'n Argument op bewyse gebaseer, te beplan en te konstrueer.<br>• Die bewyse te gebruik om 'n slotsom te bereik<br>• Kennis en begrip skriftelik te kommunikeer |

**Wanneer die uitgebreide skriftelike vrae beantwoord word, moet die leerders een van die volgende vlakke volg:**

| VLAKKE VAN VRAE |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of verduidelik na aanleiding van 'n gegewe argument wat in die skriftelike stuk gegee is |
| **Vlak 2**<br>• Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik die bewyse om 'n slotsom te bereik.<br>• Kommunikeer die argument duidelik, logies en samehangend |

**VRAAG 1: SLAWERNY**

**WAAROM WAS DAAR 'N VERBAND TUSSEN DIE ATLANTIESE SLAWEHANDEL, EKONOMIESE RYKDOM EN RASSISME?**

Gebruik Bronne 1A, 1B, 1C, 1D en 1E om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Bestudeer Bron 1A en beskryf waarom hierdie geografiese verband nodig geword het. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Hoe weerspieël hierdie advertensies in die bron 'n rassistiese houding? (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik of die term *vrag*, in advertensie 1, toepaslik was. (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat vertel die name van slawe jou oor hoe slawe behandel is? (1 x 2) (2)

1.2.4 Gebruik inligting uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik wat jy onder die term *rassisme* verstaan. (1 x 2) (2)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 'n Slaweveiling was wreed (onmenslik) en traumaties vir 'n slaaf. Verduidelik hoe hierdie bron dit uitlig. (2 x 2) (4)

1.3.2 Hoe sou 'n koper so 'n slaweveiling ervaar het? (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D en jou eie kennis.

1.4.1 Verwys na die VIER hoogste pryse wat vir slawe betaal is. Hoekom kon hierdie slawe vir sulke hoë pryse verkoop word? (2 x 1) (2)

1.4.2 Verwys na die VIER laagste pryse wat vir slawe betaal is. Hoekom is hierdie slawe vir sulke lae pryse verkoop? (2 x 1) (2)

1.4.3 Waarom, dink jy, was sommige vroue-slawe so duur? (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1E.

1.5.1 Wat sê die beskouing van wit mense van slawerny vir jou oor hulle? (1 x 2) (2)

1.5.2 Hoe, dink jy, het swart mense slawerny beskou? (1 x 2) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar op die volgende: 'Armoede in Afrika word aan die hand van swart mense se onvermoë, onbevoegdheid of luiheid verduidelik.' (2 x 2) (4)

1.6 UITGEBREIDE SKRYWE

Jy mag ÓF VRAAG 1.6.1 ÓF VRAAG 1.6.2 kies en jou antwoord moet ten minste 1½ tot 2 bladsye (500 woorde) lank wees.

1.6.1 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy verduidelik waarom die Atlantiese Slawehandel, ekonomiese rykdom en rassisme met mekaar vebind kan word. (20)

**OF**

1.6.2 Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant met die titel: 'Slawerny was nie net 'n bron van goedkoop arbeid nie, dit was die fondament van die Weste se rykdom'. (20)

**[50]**

**VRAAG 2: DIE SOEKE NA VRYHEID**

**<u>WATTER FAKTORE WAS VIR DIE AMERIKAANSE VRYHEIDSOORLOG VERANT-WOORDELIK</u>?**

Gebruik Bronne 2A, 2B, 2C, 2D, 2E en 2F om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Verwys na Bron 2A. Waarom het die koloniste die belasting wat Brittanje ingestel het, teengestaan? (1 x 2) (2)

2.2 Vergelyk Bronne 2B en 2C.

2.2.1 Op watter wyse ondersteun hierdie bronne mekaar? (2 x 2) (4)

2.2.2 Op watter wyse verskil hierdie bronne van mekaar? (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2D.

2.3.1 Waarom, dink jy, het die koloniste soos Indiane aangetrek? (1 x 2) (2)

2.3.2 Hoe het die Britse regering op die Boston Teeparty gereageer? (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik hoe die Amerikaanse koloniste uit die Boston Teeparty voordeel getrek het. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2E.

2.4.1 Verduidelik hoe die pamflet, 'Common Sense', die ou magsbasis betwis het. (2 x 2) (4)

2.4.2 Hoekom, dink jy, was die pamflet so gewild? (1 x 2) (2)

2.5 Gebruik Bron 2F. Dink jy die redes vir die Amerikaanse Vryheidsoorlog was geregverdig? Verduidelik jou antwoord. (3 x 2) (6)

2.6 UITGEBREIDE SKRYWE

Jy mag ÓF VRAAG 2.6.1 ÓF VRAAG 2.6.2 kies en jou antwoord moet ten minste 1½ to 2 bladsye (500 woorde) lank wees.

2.6.1 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy die faktore wat vir die Amerikaanse Vryheidsoorlog verantwoordelik was, verduidelik. (20)

**OF**

2.6.2 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag aan jou plaaslike koerant waarin jy verduidelik of ekonomiese faktore of die nuwe rewolusionêre idees vir die Amerikaanse Vryheidsoorlog verantwoordelik was. (20)

**[50]**

## VRAAG 3: DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE

**HET DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE BRITTANJE MAATSKAPLIK EN EKONOMIES BEVOORDEEL?**

Gebruik Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord:

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik wat jy onder die term *Industriële Rewolusie* verstaan. (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik die redes vir die veranderinge in uitvoer tussen 1750 en 1850. (1 x 2) (2)

3.1.3 Waarom, dink jy, het Brittanje een van die grootste uitvoerlande geword? (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoe het Brittanje voordeel uit die Industriële Rewolusie getrek? (1 x 2) (2)

3.2 Lees deur Bronne 3B en 3C.

3.2.1 Bestudeer die grafiek in Bron 3B. Watter afleiding kan in verband met die bevolking in die Engelse dorpe gemaak word? (1 x 2) (2)

3.2.2 Gee EEN rede vir jou afleiding in VRAAG 3.2.1. (1 x 2) (2)

3.2.3 Hoekom, volgens Bron 3C, het kinders in die myne gewerk? (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik Bron 3C en jou eie kennis. Verduidelik watter gevare die myne vir kinders ingehou het. (3 x 1) (3)

3.2.5 Hoe bruikbaar is Bronne 3B en 3C vir 'n geskiedkundige wat die tydperk van die Industriële Rewolusie bestudeer? (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3D.

3.3.1 Gebruik Bron 3D. Watter inligting gee hierdie bron jou oor die toestande van die huise van die werkende klas? (3 x 1) (3)

3.3.2 Lewer kommentaar op die stelling: 'Die huiseienaar wil dit nie regmaak nie.' (2 x 2) (4)

3.3.3 Hoe betroubaar is hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die maatskaplike toestande in Brittanje, tydens die Industriële Rewolusie, bestudeer? (1 x 2) (2)

3.4 UITGEBREIDE SKRYWE

Jy mag ÓF VRAAG 3.4.1 ÓF VRAAG 3.4.2 kies en jou antwoord moet ten minste 1½ to 2 bladsye (500 woorde) lank wees.

3.4.1 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis om 'n opstel te skryf waarin jy verduidelik of die Industriële Rewolusie vir Brittanje betekenisvol was. (20)

**OF**

3.4.2 Gebruik die inligting in hierdie bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant waarin jy verduidelik hoe die veranderinge in Brittanje as gevolg van die Industriële Rewolusie, Brittanje in 'n magtige wêreldmoondheid verander het. (20)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: TRANSFORMASIE TUSSEN 1750 EN 1850**

**HOE HET SHAKA SUIDER-AFRIKA IN DIE VROEË 1800's VERANDER?**

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Bestudeer die geografiese posisie (ligging) van Shaka se koninkryk. Waarom, dink jy, was dit van strategiese (taktiese) belang? (2 x 1) (2)

4.1.2 Noem TWEE swart volke wat tydens Shaka se magstryd uit hul tuislande gevlug het. (2 x 1) (2)

4.1.3 In jou eie woorde, verduidelik hoe hierdie herverspreiding van volke ander dele van Suid-Afrika geaffekteer het. (1 x 2) (2)

4.1.4 Gebruik bewyse uit die bron (kaart). Watter uitwerking (effek), dink jy, het die verspreiding van blankes op die inheemse swart bevolking van Suid-Afrika gehad? (1 x 2) (2)

4.2 Raadpleeg Bron 4B.

4.2.1 Gebruik jou eie kennis en bewyse uit die bron en verduidelik die tekortkominge van Fynn se weergawe vir 'n historikus wat navorsing oor die vroeë 1800's doen. (2 x 2) (4)

4.2.2 Waarom, dink jy, het die Zoeloes die geveg teen Ndwandwe gewen? (1 x 1) (1)

4.2.3 Wat is jou indruk van Shaka na aanleiding van die metodes wat hy teen Ndwandwe gebruik het? (1 x 2) (2)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Waarom, volgens die bron, word Shaka as die 'stigter' van die Zoeloe-nasie gesien? (1 x 1) (1)

4.3.2 Dink jy dat die vergelyking tussen Shaka en Colossus geregverdig is? Verduidelik jou antwoord. (1 x 2) (2)

4.3.3 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom mondelinge oorlewering vir 'n historikus wat die geskiedenis van Shaka bestudeer, noodsaaklik is. (2 x 2) (4)

4.4 Vergelyk Bronne 4B en 4C.

4.4.1 Wat is die verskille in die manier waarop Shaka in beide bronne uitgebeeld word? (2 x 2) (4)

4.4.2 Watter van die twee sieninge ten opsigte van Shaka ondersteun jy? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

4.5 UITGEBREIDE SKRYWE

Jy mag ÓF VRAAG 4.5.1 ÓF VRAAG 4.5.2 kies en jou antwoord moet ten minste 1½ to 2 bladsye (500 woorde) lank wees.

4.5.1 Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy verduidelik hoe Shaka Suider-Afrika in die vroeë 1800's verander het. (20)

**OF**

4.5.2 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant waarin jy aandui of jy Shaka as 'n millitêre genie beskou. (20)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou